BabaGim® maak speel-speel slim

Ilze Roth

Ek is seker as BabaGim® Instrukteur bly die eerste BabaGim groep mens nogals by. Ek glo werklik BabaGim® werk, maar ek was erg benoud of iemand dalk hulle geld na die klassies gaan terugvra. Na 18 maande van BabaGim® klassies aanbied het ek onlangs vir my vorige mammas 'n e-pos gestuur om te hoor hoe die babas vorder en om te hoor of hulle voel BabaGim® het 'n impak op hul babas se ontwikkeling gehad.

Adri Steyn is 'n BabaGim® droom-mamma. Sy en haar man, Danie, het die boodskap dat BabaGim® eintlik by die huis gebeur ter harte geneem en BabaGim® met oorgawe geleef en gedeel met almal om hulle. Danie is in 'n rolstoel na 'n motorfietsongeluk en het na week 2 se klassie vir ons 'n video gestuur waarin hy vir Stiaan in 'n wasgoedmandjie rondstoot met sy rolstoel. Op daardie stadium het hy vertel hoe dankbaar hulle vir die BabaGim® klassies was en hoe lekker dit vir hom was om te kon leer dat hy ten spyte van sy situasie ook met sy seuntjie kan speel en bydrae tot sy ontwikkeling – iets wat hy gedink het nooit moontlik sou wees nie!

Hier is Mamma Adri se terugvoer:

"Stiaan is nou 18 maande oud en hardloop die wêreld vol. Jong, elke ma dink seker hulle kinders is 'great', maar die mannetjie se ontwikkeling is ongelooflik. Mense kan dit nie glo as hulle hoor hy is net 1 en 'n half nie. BabaGim®, dink ek, het al die verskil aan hom gemaak, maar ek dink ook aan my- ek het besef hy sal nie 'breek' nie enek het hom begin aanmoedig om goedjies te doen i.p.v. net heeltyd beskerm en keer. Sy hand, voet en oog-koördinasie is 'amazing'.Hy gooi en skop die bal en slaan die bal met 'n 'baseball bat'. Hy wil glad nie TV kyk nie, maar is lief vir musiek en veral boeremusiek – as dít speel moet mamma of oupa dans!"

Mamma skryf ook verder:

"Weet jy, BabaGim® maak 'n verskil aan die mense rondom mens ook. My ma en pa het mos gesien wat ek heeltyd met hom doen en wanneer hulle met hom gespeel het, het hul die oefeninge ook gedoen. Hulle bure se seuntjie was 10 maande oud en kon nog nie alleen regop sit nie. My ma het in Desember gehelp om na hom te kyk terwyl die Mamma moes werk. Nee jong – toe ek sien word die kleintjie geoefen (BabaGim®) en binne 'n week sit hy op sy eie en hou sy eie bottel vas!"

As BabaGim® Instrukteur was dit werklik heerlik om te hoor dat BabaGim® 'n verskil aan die gesin en veral klein Stiaan se lewe gemaak het.